Pienaar pleit skuldig oor dronkbestuur

Liverpool. – Die Suid-Afrikaanse sokkerster Steven Pienaar het gister in 'n Britse hof skuldig gepleit op 'n aanklag dat hy onder die invloed van drank bestuur het.

Pienaar (27), wat vir die Engelse Premierliga-klub Everton uitdraf, is op 21 Februarie in die vroeë oggendure in hegtenis geneem.

Pienaar

'n Asemtoets het gewys Pienaar se alkoholvlak was 61 mikrogram per 100 ml, terwyl die toegelate perk 35 mikrogram per 100 ml is.

Hy is in hegtenis geneem ná feesvieringe oor Everton se sege van 3-1 oor Manchester United.

Die webwerf **Telegraph.co.uk** het berig Pienaar is verbied om vir 'n jaar lank te bestuur. Dit kan egter met drie maande verkort word as hy voor 7 Oktober 'n kursus voltooi.

Hy is ook met £1 000 (sowat R11 130) beboet omdat hy onder die invloed van drank bestuur het en nog £100 (sowat R1 113) omdat hy 'n verkeersteken verontagsaam het. Hy moes 'n verdere £100 opdok om die koste van die aanklagte teen hom te dek.

Kaartjieverkope vir Woordfees beste nóg

Stellenbosch. – Die pas afgelope Woordfees van die Universiteit Stellenbosch (US) spog met die meeste kaartjieverkope in die 11 jaar van sy bestaan, het prof. Dorothea van Zyl, Woordfees-direkteur, gister in 'n verklaring gesê.

Volgens die feeskantoor het die kaartjieverkope met 16,4% vergelyke met laas jaar se verkope gestyg.

"Dit wys dat daar nog baie groei in hierdie fees sit, met 'n uitsonderlike sprong in getalle, veral die afgelope twee jaar. Mense begin die fees nou waarlik ontdek en ten volle na waarde skat. Die terugvoer oor die besonder groot en gevarieerde program is uitsonderlik goed."

Sowat 28 Woordfees-aanbiedings was reeds voor die tyd uitverkoop.

Die skrywersfees, met sowat 68 aanbiedings, is soos in die verlede baie goed ondersteun, met die Sanlam Drama- en Musiekfees kort op die hakke, het hy 'n verklaring.

– Boland-kantoor

Die Plataankafee tydens die Woordfees

GROOT DIAMANT-UITVERKOPING TOT 75% MINDER as kleinhandelprysE. Diamante, ringe, armbande, hangertjies, ens. Tulbagh-Sentrum 1001 h.v. Adderleystraat en Hans Strijdomlaan Strandgebied Tel. 418-5683

IS JOU BESIGHEID GEDEK? OUTSURANCE BUSINESS

BIG BAY MEEV EIENAARS

KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE BIG BAY MEESTER EIENDOMEIENAARSVERENIGING

DATUM : 31 MAART 2010
PLEK : LEWENSREDDINGS-KLUBHUIS BIG BAY
TYD : 18:00

Besprekingspunte o.m.
Finansies, begroting en die onderhoud van ons area.

Ondersteun asseblief u MEEV deur die vergadering by te woon

Die agenda en finansiële state is beskikbaar op die webbladsy: www.bigbaympoa.co.za



R1290
Per nag per persoon wat deel
Geldig Sondag- Donderdag

SLUIT IN
Luukse private suite
Alle gourmet-buffet-etes
Wildbesigtigingsritte (vm. & nm.)
Alle drankies & alkohol
Kinders van 5 jaar en jonger bly gratis

GROOTSTE PRIVAAT WILDTUIN IN AFRIKA
BESPREKINGS: +264 81 145 2222
e-Pos. reservations@erindi.com
2 ure noord van Windhoek;
pendeldiens beskikbaar

ERINDI
PRIVATE GAME RESERVE, NAMIBIA

OMGEWINGSIMPAKBEPALING
(OIB): 12/12/20/944
ESKOM: VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR

GIBB ENGINEERING & SCIENCE

BESKIKBAARHEID VAN KONSEP-OMGEWINGSIMPAKVERSLAG EN GEPAARDGAANDE SPESIALISSTUDIES VIR BESIGTIGING DEUR DIE PUBLIEK

As deel van die Omgewingsimpakbepalings (OIB) proses vir die voorgestelde Eskom Kernkragsentrale en gepaardgaande infrastruktuur, word die publiek hiermee ingelig dat die Konsep-OIB-verslag en geassosieerde spesialisstudies nou beskikbaar is vir besigtiging en kommentaar deur die publiek. Die Konsep-OIB-verslag (in gedrukte formaat en op CD) sal gedurende die Kommentaarperiode datum **6 Maart 2010 – 10 Mei 2010** by die volgende openbare plekke beskikbaar gestel word:

Oos-Kaap, Openbare Biblioteke: Humansdorp, Jeffreysbaai, Kareedouw, Kruisfontein, Plettenbergbaai en St Francisbaai. **Ander plekke:** Oesterbaai – Oesterbaai Eiendomme

Wes-Kaap, Openbare Biblioteke: Atlantis, Bredasdorp, Elim, Gansbaai, Hermanus, Koeberg, Milnerton, Table View en Welverdiend (Bredasdorp). **Ander plekke:** Arcus GIBB Kaapstad-kantoor, Baardskeerdersbos Winkel, Jenny's Handelaar (Wolvengat).

Gauteng, Openbare Plek: Arcus GIBB Kantoorgebou, Eglinweg 14, Sunninghill, Johannesburg

Die Konsep-OIB-verslag kan ook op die volgende webblaaie gevind word:
- Eskom se webblad: www.eskom.co.za/eia onder die "Nuclear 1-Generation"-skakel
- Arcus GIBB webblad: http://projects.gibb.co.za/ onder die "Nuclear 1 EIA"-skakel

'n Opsomming van die Konsep-OIB-verslag kan aangevra word by die Openbare Deelnamekantoor.

OPENBARE VERGADERINGS

Alle Belanghebbende en Geaffekteerde Partye word uitgenooi om die Openbare Vergaderings, wat as volg geskeduleer is, by te woon:

PROVINSIE	AREA	DAG EN DATUM	PLEK	TYD
Wes-Kaap	Hermanus	Dins, 23 Maart 2010	Overstrand Municipale Auditorium	18H00 – 20H00
	Pearly Beach	Woens, 24 Maart 2010	Pearly Beach Klub	18H00 – 20H00
	Bredasdorp	Don, 25 Maart 2010	Overberg Agri Saal	18H00 – 20H00
Oos-Kaap	Oesterbaai	Dins, 13 April 2010	Oesterbaai Saal	18H00 – 20H00
	Humansdorp	Woens, 14 April 2010	Humansdorp Country Klub	18H00 – 20H00
	St Francisbaai	Don, 15 April 2010	St Francis Links	18H00 – 20H00
	Sea Vista	Vry, 16 April 2010	Sea Vista Gemeenskapsaal	18H00 – 20H00
Wes-Kaap	Kaapstad	Maan, 19 April 2010	Vineyard Hotel, Newlands	18H00 – 20H00
	Duynefontein	Dins, 20 April 2010	Atlantic Beach Gholf Klub	18H00 – 20H00
	Atlantis	Woens, 21 April 2010	Thusong Centre Gemeenskapsaal	18H00 – 20H00

Die doel van die Openbare Vergaderings is om die publiek die geleentheid te bied om (a) die bevindings soos bekend gemaak in die Konsep-OIB verslag te bespreek en (b) kommentaar te lewer op die bevindings van die spesialisstudies en die uitkomste van die OIB. Die OIB-span sal vanaf 17h00 beskikbaar wees om individuele vrae in verband met die Konsep-OIB-verslag te beantwoord. Belanghebbende en Geaffekteerde Partye word aangemoedig om die Konsep-OIB-verslag te bestudeer, die Openbare Vergaderings by te woon en teen datum **10 Mei 2010** hul geskrewe kommentaar voor te lê.

Vir verdere inligting, kontak asseblief Bongi Shinga, Dalene Murie of June Mottram
by ACER (Africa) Posbus 503, Mtunzini, 3867
Tel: 086 010 4958 Faks: 035 340 2232 E-pos: nuclear1@acerafrica.co.za

Hierdie impakbepaling word uitgevoer namens Eskom Holdings Limited.

Datum van advertensie: 10 Maart 2010